**Vrywillige geloftes aan die Here**

**Num 30:1-16**

**24 Oktober 2021**

1. Num 28-29 het verpligte voorskrifte gegee vir offers en feeste, Num 30 gee voorskrifte rakende vrywillige geloftes
2. Geloftes moet gehou word (Num 30:1-2)
    a. Vrywillige geloftes moet gehou word
    b. Deur 'n gelofte kon iemand homself verbind om sekere dinge te doen, of om hom van sekere dinge te weerhou
    c. Pred 5:1-6 Rangorde: Om nie te beloof nie, is beter as om te beloof en nie te betaal nie
    d. Hoekom word hierdie saak hier hanteer?
        i. Aanvullend tot voorskrifte in Num 28-29
        ii. Gelofte-offers is tipies tydens jaarlikse feeste gebring
        iii. Geloftes is dikwels tydens oorloë gebring – gaan nou beloofde land inneem
        iv. Sinai – Nasireërsbelofte (Num6), Moabsvlakte – gewillige geloftes
    e. Bybelse voorbeelde
        i. Gen 28:19-22 Jakob by Bet-El – rig sy fokus op die versorging van die Here
        ii. Num 6 Nasireërsbelofte – nakoming van belofte het verreikende implikasies
        iii. Rig 11:30-31 Jefta – onverantwoordelike gelofte
3. Wat van onverantwoordelike geloftes? (Num 30:3-16)
    a. Pred 5:5-6 – kan wees dat jy moet erken: "Ek het my vergis", verwek God se toorn
    b. Lev 27 – loskoopwaardes vir mense, diere, huise en grond
    c. Num 30 bespreek geloftes deur vrouens:
        i. Jong vrou in ouerhuis – pa kan beswaar maak wanneer hy hoor(v3-5)
        ii. Jonggetroude vrou – man kan beswaar maak wanneer hy hoor(v6-8)
        iii. Weduwee, geskeide vrou – gelofte staan (v9)
        iv. Getroude vrou – man kan beswaar maak wanneer hy hoor (v10-15). As hy later beswaar maak, dra hy die skuld
    d. Oorwegings
        i. Eenheid tussen man en vrou is 'n skeppingsordonansie
        ii. Man se Godgegewe rol is as hoof oor vrou – skadu van Jesus as hoof van kerk
        iii. Vrouens is net so bevoeg as mans om verantwoordelike geloftes af te lê
        iv. Mans is verantwoordelik as hulle geloftes van vrouens/dogters stop
        v. Mans moet dringend aandag gee aan geloftes in hulle huishoudings
    e. Rangorde: 'n Godgegewe instelling, voorskrif of wet, dra meer gesag (is van 'n hoër orde) as 'n vrywillige gelofte deur 'n mens
4. Implikasies
    a. As ons beloof, moet ons betaal – wees dus versigtig
    b. Alhoewel die Here begrip toon vir onverantwoordelike geloftes, wek dit Sy toorn
    c. Mans/pa's moet met erns die neem van geloftes in hulle huishoudings oorweeg, wetende die Here hou hulle verantwoordelik vir hulle besluit
    d. Onthou jy het waarskynlik al geloftes gemaak – dit moet betaal word
    e. Geloftes kan verrykend wees